Date : February, 01 , 2010 Publication : Leef met Hart & Siel Page Number : 92-93

Kuier kuier

deur CHRISTINE FERREIRA



Lief vir mooi plekkies, lekker kos en interessante snuffelgoed? Op dié bladsy vertel ons jou van die nuutste lekkerleef-dinge.

1 Vlinderplakker (R20,69) van die papierwinkel **Le Papier Du Nord** in die Benmore-winkelsentrum, Benmore, Sandton. ☎ 011 784 9434.

2 *Doen jouself 'n guns en kom koek en tee by die mooie **Café Delicieux**, 'n eetplekkie in Welgemoed, Kaapstad. Ook oop vir ontbyt en middagete. Jy kan geskenke hier laat opmaak, 'n piekniekmandjie of bord lekker eetgoed bestel of dié lokaal vir 'n besonderse geleentheid huur. Winkel 6, The Forum, h/v Jip de Jager- en Kommissarisstraat. ☎ 021 913 0153, www.cafedelicieux.co.za*

3 **Le Châtelat** is 'n elegante boetiekhotel in die hartjie van Sandhurst, Johannesburg. Maak jou tuis in die pragtuine, stylvolle sitkamers of biblioteek… Daar's twee selfsorg-tuineenhede met en suite-badkamers, asook drie elegante kamers (elk met 'n eie badkamer) in die hoofhuis – almal gemeubileer met ingevoerde Franse meubels en spierwit linne. Inligting ☎ 011 884 9428 of www.lechatelat.co.za

4 *Die **Drostdy-Hof Adelpracht Special Late Harvest 2009** (met sy kenmerkende goue etiket wat erkenning gee aan De Oude Drostdy in Tulbagh) spog met die geur van gedroogde appelkose, ryp bessies, rosyntjies en 'n titseltjie tropiese vrugte. Lekker saam met kerrievis, lamsvleis, hoender, of pikante Oosterse disse. Sowat R25 per bottel.*

5 Die **Zonnebloem Viognier 2009** word nou met 'n handige skroefprop bekendgestel. Dis 'n volronde wyn met komplekse aromas van lemoenbloeisel, appelkose en tropiese vrugte, en 'n proetjie vanielje op die tong. Geniet hom effens verkoel, sommerso op sy eie. Sowat R40 per bottel.

6 *Hartjies van klip in vrolike kleure van Succulent Café. Van R16,50 tot R22.*

Foto's Candice Askham, verskaf

7 *Lig 'n glasie! Kry joune by* ***Succulent Café****. R39.*

8 J.C. le Roux La Vallée Rosé is die Huis van J.C. le Roux se eerste effe droog **Méthode Cap Classique Rosé.** Die verfrissende vonkelwyn spog met 'n tikkie soetigheid – geniet dit saam met seekos of hoenderdisse. Sowat R60 per bottel.

9 *Die* ***Van Niekerk-kamer*** *is 'n swierige nuwe onthaalvertrek op die* ***Simonsig-landgoed****, met Kaapse fynproewersgeregte uit die Cuvée-restaurant se kombuis. Ideaal vir 'n private funksie. Meer inligting by ☎ 021 888 4932 of cuvee@simonsig.co.za*

10 Kussing met hekelwiele van **Succulent Décor** by Succulent Café. R725.

11 ***Succulent Café*** *mag jy nie misloop nie! Dié oulike kuier-en-eetplek het onlangs haar fraaie deure oopgemaak by die L'Corro-inkopiesentrum op die hoek van Weltevreden en Bagley Terrace in Northcliff, Johannesburg. Kom verlustig jou in die vrolike dekor en stylvolle manier van doen. ☎ 011 022 7245.*

12 Dié hartedief van 'n kolwyntjiepannetjie is landwyd beskikbaar by uitgesoekte takke van **Woolworths** teen R89,95.

13 ***Haägen-Dazs****, koning van romerige roomys, se Mascarpone, Passion Fruit & Truffles-geur is net tot April 2010 beskikbaar ~ jy sal moet spring as jy wil swig! Haägen-Dazs word vandag in meer as negehonderd winkels in vyftig lande verkoop.*
***WEN!** Een Lééf-leser kan roomys ter waarde van R1 500 wen. Om vir die prys in aanmerking te kom SMS die woord ROOMYS en jou naam, van en kontakbesonderhede na 34429. Koste R2 per SMS. Sluitingsdatum: 28 Februarie 2010.*

14 Salig... Bestel die **Wild Fig & Gardenia**-reeks bad- en leefstylprodukte van **The Silver Tassel** by ☎ 082 4688 225.